

**Skrifgedeelte: Jesaja 30:1-26**

**Fokusgedeelte: Jesaja 30:15, 18**

**Die Here wag op ons, sodat ons op Hom sal wag**

Die Here spreek sy volk aan omdat hulle opstanding en ongehoorsaam was. Hulle het nie op God vertrou nie. Wanneer hulle in gevaar was, het hulle hul eie planne beraam en gaan hulp soek by ander nasies. In hierdie geval het Juda hulp gaan soek by Egipte. Die Here sê egter vir sy volk dat hierdie hulp tot niks gaan kom nie (vs 7).

Die volk wou nie na die Here luister nie. Hulle het sy Woord verwerp. Hulle het gedoen net wat hulle wil. Hierdie keuse om God te verwerp en op ander te vertrou, het gevolge:

- dit is selfvernietigend (vs 13);
- uiteindelik sal God hulle straf (vs 14);
- in plaas van vertroue, sal hulle voor die vyand vlug (vs 16, 17).

In genade roep die Here hulle om terug te keer na Hom en op Hom alleen te vertrou (vs 15). As hulle dit sou doen, wag daar heerlike gevolge:

- Hulle sal in die beskerming van die Here rus;
- Hy sal hulle krag gee vir hulle daaglikse lewe.

Die Here is ernstig hieroor. Hy sal met *ongeduld* daarop *wag* om hulle genadig te wees en Hom oor hulle te ontferm, eerder as om te straf (vs 16). Daarom moet hulle hul eie sondige planne en selfversekerdheid laat vaar en op Hom *wag*. Hy sal uitkoms gee. Hy sal hulle vyande vernietig. Hy sal aan sy volk ruimte gee waarin hulle in vrede kan lewe.

Christus het vir ons wat ook in selfversekerdheid en onafhanklikheid van die Here ons eie planne wil maak, rus verskaf in Christus. Hy het vir ons verlossing en uitkoms bewerk. Hy het sy Heilige Gees uitgestort sodat ons krag mag ontvang. Laat ons daarom ons eie planne laat vaar en op Hom vertrou. Laat ons op Hom *wag*, want in terugkeer en rus lê ons heil.

*Sing: Psalm 27-1:4, 6*

*Dr. JD Mienie (Juan) (Zeerust)*